

24 April

Hebreërs 2:5-18

(Teks: 2:11)

Jesus jou verlosser en broer

'n Broer wat omgee, is soos 'n anker in die storms van die lewe. Nog meer 'n broer wat hom nie vir jou skaam omdat jy foute gemaak het nie.

So 'n broer is Jesus - Hy skaam Hom nie vir jou nie.

Ek is skaam vir wat ek as Mens is, omdat ek veronderstel is om soveel meer te wees. Ek moes heerser wees oor alles, 'n prins in diens van die Koning. Maar ons sien so min daarvan. Ons is slawe van ons sondige gedagtes, weggevoer deur die mooi dinge van die wêreld, gevang in die slagysters van die duiwel. Slawe van die dinge waarvoor ons moes heers.

God wou sy heerlijkheid aan mense soos jy skenk. Daarom het Jesus mens geword, Verlosser van mense in slawerny. Die lyding en kruisdood van Jesus loop uit op sy kroning. Die vernederde Mens is verheerlik tot die regterkant van sy Vader. Hy heers nou oor alles en almal. Ook oor die duiwel. Jesus het deur sy dood die duiwel se mag oor die dood verbreek. Daarom is jou dood 'n tree in God se heerlijkheid in.

Jesus, Seun van die heilige God, is jou broer. Hy skaam Hom nie vir jou nie, omdat Hy jou Verlosser is. Hy plaas jou terug op die troon. Hy gee vryheid om te kan heers oor jouself en die duiwel. Nou sien jy nog min daarvan. In Jesus, die Oorwinnaar, is jou heerlijkheid en ewige kindskap van die hemelse vader egter gewaarborg.

Sing Psalm 116:4 en 7

Dr. W.C. Opperman (Windhoek-Suid)